SA EXAM PAPERS

YOUR LEADING PAST YEAR EXAM PAPER PORTAL

Visit SA Exam Papers

www.saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE V1

NOVEMBER 2016

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie merkriglyne bestaan uit 19 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 A – publieke ✓✓
1.1.2 B – produk ✓✓
1.1.3 C – parastatale ✓✓
1.1.4 C – vryswewende ✓✓
1.1.5 B – per capita-inkome ✓✓
1.1.6 B – rentekoerse ✓✓
1.1.7 A – verstedeliking ✓✓
1.1.8 B – korridor ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 BYPASSENDE ITEMS

1.2.1 F – wêreldwye interaksie van ekonomieë met handel as 'n gemeenskaplike element ✓

1.2.2 E – 'n handelsbeleid wat die produksie van plaaslik vervaardigde goedere wat oorsee verkoop gaan word, aanmoedig ✓

1.2.3 D – 'n algemene argument ten gunste van vryhandel ✓

1.2.4 G – 'n owerheidstelsel wat reëls afkeur en vertragings veroorsaak ✓

1.2.5 A – die koers wat banke betaal om geld by die sentrale bank te leen ✓

1.2.6 H – meet pryse van plaaslik vervaardigde goedere op fabrieksvlak ✓

1.2.7 B – produkte wat in hul basiese vorm verhandel word, byvoorbeeld steenkool en hout ✓

1.2.8 C – strem die kognitiewe ontwikkeling van kinders ✓ (8 x 1) (8)

1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Sakesiklusse ✓
1.3.2 Amplitude ✓
1.3.3 Ad valorem ✓
1.3.4 Gelyke Indiensneming ✓
1.3.5 Ruilvoet ✓
1.3.6 Werkloosheid ✓ (6 x 1) (6)
(Geen afkortings of voorbeelde word aanvaar nie)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem TWEE tipes sakesiklusse.**

- Kitchin ✓
- Jugler ✓
- Kuznets ✓
- Kondratieff ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe sal buitelandse direkte investering die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel?**

- Verskaf kapitaal aan nuwe besighede / uitbreiding van bestaande sakeondernemings / toename in mededinging ✓✓
- Styging in inkomste/inkomste vir die besigheid of staat / groter winste ✓✓
- Skep meer werksgeleenthede/verbeter die lewenstandaard ✓✓
- Verhoog ekonomiese groei ✓✓
- Diversifiseer die ekonomie / 'n groter verskeidenheid produkte✓✓
- Bring nuwe tegnologie en kennis in ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer TWEE indirekte belastings in die spotprent hierbo.**

- Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) ✓
- Brandstofheffings ✓
- Sondebelasting ✓ (2 x 1) (2)

2.2.2 **Noem die fiskale instrument wat deur die skaal in die spotprent hierbo voorgestel word.**

Belasting ✓✓ (2)

2.2.3 **Watter verrassing word in die spotprent hierbo uitgebeeld?**

Die Minister van Finansies het nie die inkomstebelasting en BTW verhoog soos verwag is nie / maar die impak van die styging in brandstofheffings en aksynsbelasting was soveel dat dit die feit dat die eersgenoemde twee onveranderd gebly het, uitkanselleer ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Hoekom het die Minister van Finansies, na jou mening, besluit om inkomstebelasting en BTW op dieselfde vlakke te hou?**

- Te wyte aan stygende inkomstebelasting in 14/15 was 'n ekstra las op belastingbetalers onnodig ✓✓
- Voorkom 'n negatiewe reaksie van die arbeidsmag wat voortdurend hoër lone eis ✓✓
- BTW as 'n regressiewe tipe belasting, bly onveranderd om te voorkom dat armes armer word ✓✓
- Voorkom 'n verlies aan inkomste deur belasting ontduiking en ontmoedig mense om te werk ✓✓
- Stimuleer verbruiksbesteding en ekonomiese groei ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die rede in die uittreksel waarom Suid-Afrika tot hoenderinvoere vanaf die VSA ingestem het.**

Suid-Afrikaners verbruik meer hoender as wat plaaslike produsente kan voorsien / Plaaslike produsente sukkel om in die stygende vraag te voorsien / Dit sal die AGOA handelsooreenkoms vergemaklik ✓ (1)

2.3.2 **Noem die handelsinisiatief wat hierbo genoem word.**

Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (AGOA) ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf die begrip *storting ('dumping')* kortliks.**

Om goedere in 'n buitelandse mark te verkoop teen pryse wat laer is as die produksiekoste in die land van oorsprong ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Wat sal die uitwerking van bevolkingsgroei in Suid-Afrika op hoenderinvoere vanaf die VSA wees?**

'n Styging in die bevolking sal 'n styging in die vraag na hoenderporsies uit die VSA veroorsaak en invoere sal styg ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Watter negatiewe invloed kan hierdie ooreenkoms op die plaaslike pluimveebedryf hê?**

- Die plaaslike pluimveebedryf mag verbruikersweerstand ervaar teen die produk te wyte aan 'n swak kwaliteit invoerbesnoeiing / skakel oor na die verbruik van 'n ander tipe vleis ✓✓
- Die plaaslike hoenderbedryf mag 'n ooraanbod van die produk in sekere tye ondervind, wat tot laer pryse en 'n kleiner inkomste in die bedryf kan lei ✓✓
- Plaaslike produsente verlaat die bedryf as gevolg van verliese te wyte aan onregverdige mededinging / lae pryse / hoë insetkoste ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Onderskei tussen *eksogene benaderings* en *endogene benaderings* tot sakesiklusse.**

Endogene benadering:

- Dit oortuiging wat hier gehandhaaf word is dat ekonomiese groei primêr die gevolg is van endogene oorsake en nie eksterne kragte nie ✓✓
- Dit staan as die Keynesiaanse siening bekend. ✓✓
- Hierdie benadering volg die siening dat markte inherent onstabiel is ✓✓
- en daarom owerheidsinmenging benodig ✓✓
- Die prysmeganisme is nie in staat om vraag en aanbod op die markte te koördineer nie en dit gee aanleiding tot opswaaie en afswaaie ✓✓
- Pryse is nie buigsaam genoeg nie ✓✓ (bv. lone) ✓
- 'n Sakesiklus is 'n inherente eienskap van 'n markekonomie ✓✓
- Indirekte verbintenisse of diskoers tussen vraag en aanbod is normale eienskappe van die ekonomie ✓✓ (Maks 4)

Eksogene benadering:

- Verwys na daardie onafhanklike faktore wat sakesiklusse kan beïnvloed en ontstaan buite die ekonomie ✓✓
- Sekere ekonome glo dat sakesiklusse veroorsaak word deur eksogene faktore
- Die monetariste glo dat markte inherent stabiel is ✓✓
- Disekwilibrium word veroorsaak deur foutiewe beleide bv. die monetêre beleid ✓✓

Die volgende is voorbeelde:

- Weerstoestande en skokke veroorsaak op- en afswaaie ✓
- Regerings behoort in die mark in te meng ✓
- Sonvlek teorie word gebaseer op die oortuiging dat verhoogde sonbestraling veranderde weerpatrone veroorsaak ✓
- Tegnologiese veranderinge ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 1 punt word toegeken vir voorbeelde by elke benadering)
(Maks 4) (8)

2.5 **Hoe kan invoere geteiken word om die tekort op die handelsbalans in Suid-Afrika te verklein?**

- Suid-Afrika kan invoervervanging gebruik as deel van hul internasionale handelsbeleid ✓✓
- Tariewe kan gehef word op ingevoerde goedere, wat die pryse van ingevoerde goedere vir binnelandse verbruikers verhoog, en wat daartoe sal sal lei dat die vraag na invoere verskuif na 'n vraag na binnelandse produkte ✓✓ bv. doeaneregte, ad valorem tariewe, spesifieke tariewe ✓
- Kwotas kan gehef word om die invoer van goedere te verminder ✓✓
- Subsidies mag relatiewe hoë koste binnelandse sakeondernemings in staat stel om meer doeltreffende buitelandse mededingers in die plaaslike mark uit te skakel ✓✓
- Deur wisselkoersbeheer kan die owerheid invoere verminder en die hoeveelheid buitelandse valuta beskikbaar stel vir dié wat wil invoer ✓✓
- Fisiese beheer mag 'n totale verbod of embargo op die invoer van sekere goedere uit 'n sekere land daarstel ✓✓
- Handel kan elders aangewend word deur monetêre deposito's, tydrowende doeaneprosedure en hoë kwaliteit standaarde ingestel om die invoer van goedere te bemoeilik ✓✓ (Maks 8) (8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

3.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Noem TWEE sosiale aanwysers wat met inkomsteverdeling verband hou.**

- Lorenz-kromme ✓
- Gini-koëffisiënt ✓
- Kwintielverhouding ✓
- Koptellingsindeks ✓
- Menslike Ontwikkelings Indeks (MOI) ✓
- Armoede lyn / armoedegaping ✓ (2 x 1) (2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

3.1.2 **Hoe kan deregulering Suid-Afrika se sakesektor bevoordeel?**

- Bied geleenthede vir besighede wat voorheen uitgesluit was om deel te vorm van die formele ekonomie/Help met die toetrede van nuwe ekonomiese spelers in die ekonomie / Meer besighede (meer kompetisie) bevoordeel die sakesektor / doeltreffenheid van besighede sal verbeter ✓✓
- Voorsien maklike toegang tot markte ✓✓
- Vereenvoudig administratiewe prosesse/rompslomp / besighede het nou direkte interaksie met verbruikers sonder staatsinmenging✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer enige TWEE vorige strategieë in die inligting hierbo wat gebruik is om ekonomiese groei in Suid-Afrika te bevorder.**

- GEAR – Groei, Werkverskaffing en Herverdeling ✓
- NGP – Nuwe Groeiplan ✓
- NSDS – Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie ✓

Enige (2 x 1) (2)

3.2.2 **Noem die hoofdoel van die NOP.**

Dit verskaf 'n padkaart aan die owerheid tot 2030 / armoedeverligting / ekonomiese groei / ekonomiese transformasie / volhoubare werksgeleenthede / inkome verspreiding ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.3 **Watter negatiewe invloed sal die NOP op die belastingbetalers hê?**

Vir die implementering van die NOP sal die staat toenemend meer inkomste nodig hê – meer en hoër belasting sal benodig word ✓✓ (2)

3.2.4 **Hoe suksesvol sal die implementering van die NOP, na jou mening, in die Suid-Afrikaanse ekonomie wees?**

Die implementering van NOP sal suksesvol wees a.g.v. die volgende redes:

- 'n Goeie vordering is gemaak sedert 2014 in die konstruksie van hernubare energiebronne ✓✓ bv. sonplase en windplase ✓
- Lewenstandaard mag verbeter wat armoedevlakke sal verlaag ✓✓ bv. behuising, sosiale toelaes ✓

EN / OF

Die implementering van NOP sal nie suksesvol wees a.g.v. die volgende redes:

- Sedert 2014 was daar nog geen verbetering in die werkloosheidskoers nie en hierdie scenario mag voortduur ✓✓ bv. werkloosheid mag selfs toeneem ✓
- Die gaping tussen ryk en arm mag verder vergroot ✓✓
- Die volgende teikens aangedui in die NOP sal moeilik bereikbaar wees: 'n ekonomiese groeikoers van 5% (tans 0,8%) werkskepping van 5 miljoen per jaar ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Wat het tussen 1996 en 2015 met die lewenstandaard van Suid-Afrikaners gebeur?**

Dit het verbeter ✓ (1)

3.3.2 **Identifiseer 'n element van die Menslike-ontwikkelingsindeks (MOI) in die inligting hierbo.**

Lewenstandaard ✓ (1)

3.3.3 **Wat kan die regering doen om die gehalte van dienslewering nog verder te verbeter?**

Die owerheid behoort:

- rekenpligtigheid te aanvaar en rekenskap lewer vir hul optrede en uitgawes ✓✓
- doeltreffendheid te verbeter deur vaardige, hoogs opgeleide mense aan te stel en korrupsie te stop ✓✓
- te funksioneer volgens die markkragte ✓✓
- daardie korporasies te privatiseer wat nie winsgewend is nie ✓✓
- behoeftes van mense te assessering ✓✓
- korrupsie te stop / voorkom nepotisme / swak bestuur ✓✓
- beskikbare bronne meer doeltreffend te gebruik bv. begrotings✓✓
- deursigtigheid deur konsultasie te beoefen ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

Enige (1 x 2) (2)

3.3.4 **Hoe kan die privaatsektor deur openbare-privaat vennootskappe betrokke raak om die pogings van die regering te versterk?**

Die privaatsektor kan:
- verantwoordelikheid aanvaar vir 'n skoon omgewing (straat en sypaadjie) om die werkslading van munisipaliteite te verminder ✓✓
- die vaardighede van hul werksmag verbeter deur indiensopleiding sonder enige koste vir tersiêre opleiding deur die owerheid ✓✓
- verskeie inisiatiewe aan die owerheid bied en daarvoor betaal om die toestand van die omgewing te verbeter, en so die staat se betrokkenheid en verantwoordelikheid te verminder ✓✓ Bv. Korporatiewe Maatskaplike Investering ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

Enige (1 x 2) (2)

3.3.5 **Hoe kan toegang tot die arbeidsmark, na jou mening, toekomstige verbetering in lewenstandaarde aandryf?**

Die volgende kan die toetrede tot die arbeidsmark verbeter wat gemik is op beter lewenstandaarde:
- 'n Beter basiese onderrigstandaard sal die vaardighede verbeter wat nodig is om die nywerhede oor die algemeen te verbeter ✓✓ bv. bou en konstruksie, toerisme, gesondheid, dienslewering ✓
- Behoorlike opleiding sal verseker dat meer mense toegang verkry tot die arbeidsmark, omdat hulle in staat sal wees om inisiatief en oorspronklikheid te bied en om die besigheid mededingend te hou in 'n vinnig veranderende mark ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek *groei* en *handel* kortliks as uitdagings van globalisering wat ontwikkelende lande in die gesig staar.**

Groei
- Ondoeltreffende bestuur lei tot 'n ondoeltreffende toeken van hulpbronne ✓✓
- Dit lei tot lae vlakke van produksie en gevolglike lae vlakke in ekonomiese groei ✓✓ (Maks 4)

Handel
- Ryk lande subsidieer produksie en maak dit moeilik vir armer / ontwikkelende lande om mee te ding / baie ontwikkelende lande voel hulle word gemarginaliseer ✓✓
- Hierdie lande moet lae pryse teen relatief hoë insetkoste aanvaar ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 4) (8)

3.5 **Hoe voldoen Suid-Afrika aan verskillende internasionale liggame wat vereis dat hulle aanwysers gestandaardiseer moet word?**

- **IMF** ✓ Suid-Afrika se jaarlikse begrotingsoorsig word in terme van die OFS (Owerheidsfinansiering Statistieke) saamgestel wat fokus op publieke finansiële rekeningkunde ✓✓
- **Wêreldbank** ✓ Vereis van lande om verslag te lewer oor verskeie ekonomiese- en sosiale aanwysers waaraan Suid-Afrika voldoen ✓✓ Hierdie aanwysers word versamel en gepubliseer deur die *Wêreldbank groep van instellings* in die *Wêreld Ontwikkelingsaanwysers* en die *Afrika Ontwikkelingsaanwysers* ✓✓ Dit help die Wêreldbank om te bepaal hoeveel lenings beskikbaar gestel moet word aan lande vir ontwikkelings-doeleindes ✓✓
- **Verenigde Nasies** ✓ Suid-Afrika stem ooreen met die VN stelsel in die samestelling van hul nasionale rekeninge bv. BBP statistiek ✓✓ Die Verenigde Nasies is die bes moontlike riglyn van ekonomiese aanwysers in die VN Stelsel van Nasionale Rekeninge (SNR) ✓✓ dit stel die IMF in staat om te besluit hoeveel beskikbaar gestel moet word om die betalingsbalanstekort reg te stel ✓✓ Maks (8) (8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Gee TWEE redes vir openbaresektor-mislukking.**

- Bestuursmislukking ✓
- Apatie ✓
- Gebrek aan motivering ✓
- Burokrasie ✓
- Politici ✓
- Strukturele swakhede ✓
- Spesiale belangegroepe ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe sal 'n daling in uitvoerpryse ons land se ruilvoet beïnvloed?**

Dit sal negatief beïnvloed word omdat ons inkomste ontvang uit uitvoere, sal daal ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Watter mark word in die grafiek hierbo uitgebeeld?**

Buitelandse valutamark / Valutamark ✓ (1)

4.2.2 **Watter uitwerking het die verskuiwing in die vraagkurwe op die prys van dollars?**

Die prys van dollars sal styg/appresieer ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf die term *wisselkoers* kortliks.**

Die prys van een geldeenheid uitgedruk in terme van 'n ander geldeenheid ✓✓ (2)

4.2.4 **Wat sal die uitwerking van die nuwe prys vir dollars op uitvoerhandel tussen Suid-Afrika en die Verenigde State wees?**

Uitvoere van Suid-Afrikaanse sal toeneem / Meer SA goedere kan gekoop word teen dieselfde prys te danke aan die depresiasie van die rand / appresiasie van die dollar ✓✓ (2)

4.2.5 **Verduidelik hoe 'n toename in die getal VSA-toeriste na Suid-Afrika die waarde van die rand sal beïnvloed.**

- Meer VSA toeriste in Suid-Afrika skep 'n hoër vraag na die ZAR / die aanbod van dollars sal styg ✓✓
- Dit sal lei tot 'n styging in die waarde van die rand ✓✓ (2 x 2) (4)

4.3 DATARESPONS

4.3.1 Gee TWEE faktore uit die uittreksel wat tot die swak prestasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie bygedra het.

- 'n Insinking in kommoditeitspryse ✓
- Al swakker vraag uit China ✓
- Droogte ✓
- Daling in die waarde van die rand ✓ Enige (2 x 1) (2)

4.3.2 Wanneer is 'n land amptelik in 'n resessie?

As 'n land 'n negatiewe ekonomiese groeikoers vir twee agtereenvolgende kwartale beleef ✓✓ (2)

4.3.3 Watter invloed sal 'n afgradering van Suid-Afrika se kredietgradering op sy ekonomie hê?

- 'n Afgradering impliseer 'n groter risiko vir beleggers wat mag lei tot 'n styging in rentekoerse ✓✓
- Die feit dat Suid-Afrika baie hoë skuldvlakke het, impliseer hoë rentekoerse wat 'n definitiewe impak op die laer inkomstegroepe sal hê, wat nie goedere en dienste kan bekostig nie ✓✓
- Daar sal minder geld beskikbaar wees vir besteding, wat meer druk op die begroting sal plaas; die belastingbetaler en welsynstoelaes en infrastruktuurontwikkeling ✓✓
- 'n Swak kredietgradering mag armoede verhoog wat 'n laer lewenstandaard sal dryf en mag lei tot 'n resessie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 Na jou mening, wat kan die regering doen om die sakesiklus te stabiliseer?

- Die regering kan betrokke raak by die effening (gladstryking) van siklusse deur monetêre en fiskale beleidsmaatreëls ✓✓
- Die owerheid kan aanbod en vraagkantbeleide toepas om pryse te stabiliseer ✓✓
- Die owerheid mag optree en die totale vraag beïnvloed wat verbruiksbesteding sal stimuleer ✓✓
- Die owerheid mag ook maatreëls aanwend om die vlak van totale aanbod te beïnvloed wat sal lei tot 'n styging in binnelandse produksie en laer inflasiedruk ✓✓ Enige (2 x 2) (4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

4.4 **Bespreek kortliks enige TWEE argumente ten gunste van privatisering.**

- Privatisering verseker addisionele fondse (inkomste)vir die staat ✓✓ dit sal help om staatsbeheerde ondernemings in stand te hou en te bestuur ✓✓
- Verbreed die belastingbasis ✓✓ wat meer inkomste vir die staat skep ✓✓
- Private ondernemings is meer doeltreffend as publieke ondernemings ✓✓ die winsmotief in die privaatsektor verseker dat besighede doeltreffend teen die laags moontlike prys funksioneer ✓✓ SBI's is burokraties, ondoeltreffend, reageer nie op verbruikers se behoeftes nie, word swak bestuur, nie kratief nie met lae vlakke van produktiwiteit ✓✓
- Privatisering trek meer buitelandse beleggers na Suid-Afrika ✓✓ kapitaal, vaardighede, tegnologie en buitelandse valuta vloei die land in ✓✓
- Privatisering verlig die druk uit die begroting ✓✓ tekorte op die begroting sal afneem ✓✓
- Bevorder swart ekonomiese bemagtiging ✓✓ aandele iin publieke maatskappye word aan swart entrepreneurs beskikbaar gestel ✓✓

Enige (2 x 4) (8)

4.5 **Hoe sal subsidies uitvoergeoriënteerde besighede negatief beïnvloed?**

- Deur sekere nywerhede te subsidieer, word kapitaal en entrepreneurs-talente weggetrek van ander besighede wat 'n groter komparatiewe voordeel geniet ✓✓
- Subsidies verlaag die totale produksiekoste wat aan besighede 'n vals aanduiding gee van die werklike prys (verwronge pryse) ✓✓
- Plaaslike produksie kan ondoeltreffend wees, plaaslike produsente beskerm word teen oorsese mededinging ✓✓
- Besighede wat te afhanklik raak van subsidies, sal nie in staat wees om te oorleef sodra subsidies onttrek word nie ✓✓
- Subsidies stel besighede in staat om laer pryse te vra, wat ander kompeterende uitvoernywerhede uit die mark hou ✓✓
- Ander lande kan tariewe instel op gesubsidiseerde produkte vanaf ander lande om hul eie nywerhede te bevoordeel ✓✓ (Maks 8) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding	Maks. 2
Liggaam **Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: • 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is • Enige opinie of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is • Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAL	**40**

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

Die ekonomiesekringloop-model toon hoe die ekonomie deur die verskillende markte werk.

- **Bespreek die rol van die verskillende markte in die ekonomiese kringloop sonder die gebruik van 'n diagram. (26 punte)**
- **Verduidelik die vermenigvuldigerbegrip met behulp van 'n goed benoemde grafiek. (10 punte) [40]**

INLEIDING

- Die ekonomiese kringloopmodel is 'n vereenvoudigde aanbieding van die interaksie tussen die deelnemers in die ekonomie ✓✓ /
- Markte koördineer ekonomiese aktiwiteite en bepaal pryse vir goedere en dienste ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

HOOFDEEL

Goedere/Dienste/Uitsetmarkte ✓

Hierdie is markte vir die verbruiker se goedere en dienste ✓✓

In ekonomie word 'n onderskeid gemaak tussen goedere en dienste:

- Goedere word gedefinieer as verbruikbare items soos kos, klere en motors wat sommige menslike behoeftes bevredig ✓✓
- Koop en verkoop van goedere wat geproduseer word op markte bv.
  - Kapitaalgoederemark vir die verhandeling van geboue en masjinerie ✓✓
  - Verbruiksgoederemark vir die verhandeling van duursame verbruiksgoedere, semi-duursame verbruiksgoedere en nie-duursame verbruiksgoedere ✓✓
- Dienste word gedefinieer as nie-tasbare goedere en sluit groot- en kleiinhandel, vervoer en finansiële markte in ✓

Faktor/Hulpbron/Insetdienste ✓
- Huishoudings verkoop produksiefaktore op die markte: huur vir natuurlike hulpbronne, lone vir arbeid, rente vir kapitaal en wins vir entrepreneurskap ✓✓
- Die faktormark sluit die arbeid, eiendom en finansiële markte in ✓✓

Finansiële markte: ✓
- Hulle is nie direk betrokke in die produksie van goedere en dienste nie, maar dien as 'n verbintenis tussen huishoudings, die sakesektor en ander deelnemers met surplusfondse ✓✓
- Bv. banke, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse ✓

Geldmarkte ✓
- In die geldmark, word korttermynleninge en baie korttermynfondse gespaar en geleen deur verbruikers en sakeondernemings ✓✓
- Produkte word verkoop op hierdie mark bv. bank obligasies, skatkiswissels en staatsobligasies ✓
- SARB is die sleutelinstelling in die geldmark ✓✓

Kapitaalmarkte ✓
- In die kapitaalmark word langtermynfondse geleen en gespaar deur verbruikers en sakeondernemings ✓✓
- Die Johannesburg Effektebeurs is 'n sleutelinstelling in die kapitaalmark ✓✓
- Produkte wat op hierdie markte verkoop word is verbandlenings en aandele ✓✓

Buitelandse valutamarkte ✓
- Op die buitelandse valutamark koop/verkoop besighede buitelandse valuta om vir ingevoerde goedere en dienste te betaal ✓✓
- Hierdie transaksies kom voor in banke en bestaan uit 'n elektroniese geldoordrag van een rekening na 'n ander ✓✓
- Die mees belangrike buitelandse valutamarkte is in Londen/New York/Tokio ✓✓
- Die SA Rand word vryelik op hierdie markte verhandel ✓✓ bv. as 'n persoon reisigerstjeks koop om oorsee te reis ✓

Vloeie ✓
- Vloeie van private en publieke goedere en dienste is reële vloeie en dit loop saam met vloeie van besteding en belasting in die teenboorgestelde rigting ✓✓
- Faktordienste is reële vloeie en loop saam met vloeie van inkome in die teenoor-gestelde rigting ✓✓
- Invoere en uitvoere is reële vloeie en loop saam met vloeie van inkomste en besteding in die buitelandse valutamark ✓✓ Maks (26)

As kandidate SLEGS EEN MARK bespreek het, - 'n maksimum van 14 punte
As kandidate slegs TWEE MARKTE bespreek het - 'n maksimum van 20 punte
As kandidate DRIE OF MEER markte bespreek het - 'n maksimum van 26 punte.

Ken 'n maksimum van 8 PUNTE toe vir laer orde elemente, wat opskrifte, sub-opskrifte en voorbeelde insluit.

ADDISIONELE DEEL

Verduidelik die vermenigvuldigerbegrip met behulp van 'n volledig benoemde grafiek.



- Die vermenigvuldiger beskryf die feit dat verandering in besteding 'n impak het op inkome wat groter is as die oorspronklike verandering in besteding ✓✓
- Besteding styg van 20 tot 50 (besteding verander met 30) wat 'n styging in inkomste van 300 tot 700 veroorsaak (Inkome verander met 400)
- Δ Y / Δ J = 400 / 30 = 13.3 ✓✓
- Dus sal daar vir elke R1 toename in besteding 'n inkomste styging van R13,30 wees ✓✓ Maks (6)

(Max 10)

SLOT

Markte is krities belangrike instellings in ons ekonomiese stelsel, omdat hulle vraag en aanbod reguleer en prysstabiliteit verseker asook algemene sakevertroue ✓✓Maks (2) **[40]**

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES

Owerheidsoptrede moedig werksaamhede en nuwe beleggings aan, wat nywerheidsontwikkeling versterk.

- **Bespreek Suid-Afrika se ruimtelike-ontwikkelingsinisiatiewe (ROI's) en beklemtoon die inisiatiewe, doelwitte en nywerheidsontwikkelingsones (NOSé). (26 punte)**
- **Watter raad sal jy aan die regering gee om nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika te bevorder? (10 punte)**

INLEIDING

Streeksontwikkeling verwys na beleide wat gerig is op 'n styging in ekonomiese toestande in spesifieke gebiede of streke ✓✓
(Enige ander relevante inleiding) Maks (2)

HOOFDEEL

Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe

- ROI is 'n beleid wat volhoubare nywerheidsontwikkeling bevorder in gebiede waar armoede en werkloosheid op hul hoogste is ✓✓
- Dit kan gedefinieer word as 'n verbintenis tussen belangrike ekonomiese hawes en streke in 'n land ✓✓
- Die bedoeling was om die ROI's maksimaal te laat groei deur privaat sektor investering ✓✓
- Die regering wil inwaartse investering vergroot deur die toekenning van aansporings ✓✓
- Die Publieke/Private Vennootskappe bevorder die ekonomiese potensiaal van onderontwikkelde gebiede ✓✓
- In 'n PPV kan 'n private besigheid die kapitaal verskaf om die fabriek te bou, grondstowwe te koop en arbeid in diens te neem, terwyl die owerheid die kapitaal voorsien vir die infrastruktuur ✓✓ bv. paaie en water ✓
- Daar is twee tipes PPV's wat verskillend vergoed word: eenheidsbetalings en verbruikersfooie ✓✓
- Die ROI behels 'n interdepartementele beleggingstrategie wat deur die DHN en Departement van Vervoer (DOT) gelei word ✓✓

Doelwitte van Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe

- Ontwikkel fisiese infrastruktuur soos paaie en hawens ✓✓
- Stimuleer ekonomiese aktiwiteite in die onderontwikkelde gebiede ✓✓
- Skep werken stimuleer ekonomiese groei in onderontwikkelde gebiede ✓✓
- Ontwikkel inherente ekonomiese potensiaal in die onderontwikkelde gebiede ✓✓
- Lok private sektor en buitelandse direkte investering (BDI) ✓✓
- Stig Publieke Private Vennootskappe (PPV) ✓✓

Korridors ✓

- Dis ruimtelike gebiede wat spesifieke voordele aan die mynbou, vervaardiging en ander besighede bied ✓✓
- Die voordele sluit die bestaande infrastruktuur en die spesialisasie van produkte of dienste in ✓✓
- Hierdie korridors is ontwikkelingsgebiede binne Suid-Afrika en is die ontwikkelingsprioriteite van alle ontwikkelingsagentskappe ✓✓
- Die DHN verskaf hulp ter ondersteuning van die ontwikkelingskorridors ✓✓
- Bv. Maputo korridor begin in Gauteng en uitbrei deur Mpumalanga na die Maputo hawe ✓✓

Die bostaande bespreking sluit in:
- die inisiatiewe en
- doelwitte van die ROI's
- en Korridors. (Maks 18)

Nywerheidsontwikkelingsones (NOS'e)

- Dis doelwit-geboude nywerheidsparke, fisies omhein en verbind aan 'n hawe of lughawe ✓✓
- Dis belastingvrye invoergebiede ✓✓
- Hierdie strategie is gerig daarop om uitvoere meer internasionaal mededingend te maak ✓✓
- Hulle fokus op werkskepping en bevordering van uitvoere ✓✓
- Die idee is dat goedere geproduseer in hierdie sones uitgevoer behoort te word na die buiteland ✓✓
- Omdat dienste van buite verskaf word, moet die ekonomie in hierdie areas gestimuleer word ✓✓
- 'n NOS bied 'n wêreldklas infrastruktuur, geniet 'n zerokoers BTW op voorrade van Suid-Afrikaanse bronne en verlaagde belasting op sommige produkte ✓✓

Spesiale Ekonomiese Sones

- Dit skep 'n basis vir 'n breër verskeidenheid nywerheidsparke en verskaffing van ekonomiese infrastruktuur om indiensneming te bevorder ✓✓
- Dit was bekendgestel a.g.v. die beperkinge van die NOSé en hoef nie aan 'n hawe of lughawe verbind te word nie ✓✓
- NOS'is slegs geskep vir uitvoernywerhede terwyl die SESé voorsiening maak vir uitvoere en binnelandse verbruik ✓✓
- Geografies geteikende gebied waar spesifieke ekonomiese aktiwiteite geïdentifiseer is om te ontwikkel ✓✓
- Hierdie gebiede kan aansporings soos belastingafslag geniet ✓✓ bv. 15% aansporing om nuwe nywerhede te lok ✓

Die bostaande bespreking sluit in:
- NOSé
- en SESé (Maks 14)

Ken 'n maksimum van 8 PUNTE toe vir laer orde elemente, wat opskrifte, sub-opskrifte en voorbeelde insluit.

Punte moet ook toegeken word vir die volgende: Kleinsake Ondersteunings-program, Seda Tegnologie Program, Vaardigheidsontwikkelingsprogram, Kritiese Infrastruktuurprogram, Doeanevrye aansporings, Buitelandse Investeringsaansporings, Dienste aan Sakeprosesse, Strategies Geïntegreerde Projekte, Infrastruktuurplan, Buitelandse Direkte Investering.

ADDISIONELE DEEL

Die staat word geadviseer om:

- aansporings te bied aan binnelandse en buitelandse entrepreneurs om nuwe besighede in Suid-Afrika op te rig ✓✓
- aansporings te betaal wat 'n beleggingsvriendelike omgewing skep vir buitelandse direkte investering om in die land in te vloei ✓✓

  Wat die owerheid kan doen om nywerheidsontwikkeling te bevorder:

  - Verskaf belastingaansporings en verligting vir jong nywerhede ✓✓
  - Ontwikkel 'n verbruikersvriendelike arbeidsregime vir die land wat beide werkgewer-werknemer sensitief is terwyl groei en ontwikkeling terselfdertyd bevorder word ✓✓
  - Verskaf befondsingskemas vir nuwe besighede as ondersteuning tot groei en ontwikkeling ✓✓
  - Verskaf vaardigheidsontwikkelingsprogramme en bied kontanttoelaes as aansporings aan dié wie betrokke is in hierdie kapasiteit ontwikkelings-programme ✓✓
  - Kritieke Infrastruktuur Fasiliteite (KIF) – die owerheid spesifiseer finansiële aansporings in die vorm van 'n kontanttoelae van tot 50% op groot ondernemings wat kritieke infrastruktuur soos paaie, elektrisiteit en suiweringsdienste benodig ✓✓
- Al hierdie aansporings is gerig op aanmoediging in die ontwikkeling van besighede om die staat se poging om nywerheidsontwikkeling te bevorder, te ondersteun ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 10)

SLOT

Ondanks al die pogings van die owerheid, is dit belangrik om 'n vinniger groei in hierdie ekonomiese terrein te ervaar, en is daar steeds te veel arm mense in Suid-Afrika sonder werk. Die nywerheidsektor is geoormerk as 'n veiligheidsnet vir die miljoene werklose mense in die landelike gebiede. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) Maks (2) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou